# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Vier

**"TOE KONING HERODES DIT HOOR WAS HY ONTSTELD EN DIE HELE JERUSALEM MET HOM" MATTEUS 2:3**

*Die teenwoordigheid van Christus draai die hele wêreld onderstebo.*

Psalm 2:1-10 - Waarom smee die volke komplotte?

Christus se koms versteur die wêreldorde, omdat Hy die rykes en magtiges ontstel wat hulle eie belange bo die algemene welsyn plaas. Maar vir hulle wat werk vir vrede en eenheid bring Christus se koms 'n helder ligstraal van hoop. Wanneer Christene saamwerk vir geregtigheid en vrede dan is ons pogings kragtiger. Deur ons woorde en dade kan ons die lig van hoop bring aan hulle wat nog onder die duisternis van politieke onrus, sosiale armoede en strukturele diskriminasie gebuk gaan.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur 'n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery